

Skriflesing: Jesaja 30:19-26

Teks: Jesaja 30:21

Sing- Ps. 98:3; Ps. 128:4; Ps. 86:6; Ps. 89:6

Jesaja 30:19-26

Isa 30:19 Want 'n volk sal op Sion, in Jerusalem, woon; jy sal nie meer ween nie; sekerlik sal Hy jou genade bewys op jou hulpgeroep; sodra Hy hoor, antwoord Hy jou.

Isa 30:20 Die Here gee julle wel brood van benoudheid en water van bedruktheid, maar jou leraars sal hulle nie langer verberg nie—maar jou oë sal jou leraars sien;

Isa 30:21 en jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan.

Isa 30:22 En julle sal verontreinig die oortreksel van jou gesnede beelde van silwer en die beslag van jou gegote beeld van goud; jy sal dit weggooi soos iets wat besoedel is. Weg daarmee! sal jy daarvan sê.

Isa 30:23 Dan sal Hy reën gee vir die saad waarmee jy die grond besaai, en broodkoring wat die grond voortbring, en dit sal smaaklik en voedsaam wees; jou vee sal in dié dag wei op 'n uitgestrekte weiveld;

Isa 30:24 en die osse en die esels wat die grond bewerk, sal voer met sout eet, wat uitgewan is met skop en gaffel;

Isa 30:25 en op elke hoë berg en op elke verhewe heuwel sal strome wees, waterlope, op die dag van die groot slagting as die torings val.

Isa 30:26 En die lig van die maan sal wees soos die lig van die son, en die lig van die son sal sewevoudig wees, soos die lig van sewe dae, op die dag as die HERE die breuk van sy volk verbind en die wond gesond maak wat aan hulle geslaan is.

Skriflesing: Jesaja 30:19-26

Teks: Jesaja 30:21

Sing- Ps. 98:3; Ps. 128:4; Ps. 86:6; Ps. 89:6

Geliefdes in ons Here Jesus Christus- Ons leef in 'n tyd en ons kinders leef in 'n tyd, wat daar baie dinge is wat ons van koers wil dwing. (Met die kindjie vandag gedoopt sal dit nie anders wees nie... ook hulle wat vanoggend belydenis afgelê het, hierdie wêreld en hierdie teks van nou moet mooi na gekyk word). Broeder en suster, baie van die dinge waaroor daar vroeër nooit oor gewonder is nie, laat baie mense vandag hulle wenkbroue lig. Dit sluit ons jongmense in. Hulle blootstelling aan 'n wêreld met tegnologie gevul deur selfone, rekenaars, ipads, tablette en noem maar op, twitter, facebook, linkedin, whatsapp, skype niemand kan byhou nie, dit maak die wêreld klein en plat, waar ons eintlik besef hoe groot en hoe rond die wêreld eintlik was. Mense kan so maklik met mekaar praat en kontak maak, werklik asof alles op 'n plat horisontale vlak lê en daar geen diepte meer is in wat die ronding van die wêreld van ons eis nie. Mense se geloofslewe het ook baie van die ronding en diepte verloor, baie dinge het plat en maklik geword, mense wil alles net nog meer en meer eenvoudig maak... Tog word die twyfel meer!

Om nou al die dinge op te noem waaroor daar deesdae getwyfel word sal 'n uittog op sy eie wees. Die saaiers van twyfel laat nie op hulle wag nie. Hoe maklik en hoe gewild het dit

geword om die sekerhede, dit wat vir ons vas en duidelik moet wees te bevraagteken. Almal is bewus van die spanninge wat daar tussen ons mense is, in die verband van die GKSA is hierdie kerklike gemeenskap deur die bekende drietal van beker of kelkie, mag vroue in besondere ampte bevestig word, wat mag in die eredienste gesing word, is daar nog iets wat nie gesing mag word nie.... dit is 'n mynfeld van groot spanning wat in ons kerklike geleedere baie onrustigheid, baie verskille, soveel spanninge teweegbring dat dit my baie keer voel waarheen is ons op pad. Kan daar nog werklik iets as vas en seker uitgewys word?!

Selfs het mense die feit van Christus se maagdelike geboorte, die werklik liggaamlike opstanding van Christus, die bestaan van Satan en die wêreld van okkulte, demone, die verwysing nie net meer na die geslag in die ampte nie, maar geslagtelikheid en geslag differensiasie, laat in hierdie land die kerke al meer in die spervuur van waar staan ons, wat glo ons, waarheen gaan ons as hierdie dinge op die spits gedryf word. Ja, ons moet vir mekaar sê, al hierdie dinge word erg op die spits gedryf. Homoseksueles en hulle aanhangers moet in alles ruimte kry, ook is kerke vasgekeer met die vraagstukke, nie meer net oor die vrou in die amp, maar net soveel moet die gay en die lesbiër sy plek ook deur die kerklike ampte verkry. My gedagtes oor vryheid en my aanhang rondom vryheid, my kyk op die verlede, my oog op die toekoms, laat in kerklike geleedere geen maklike uitkoms nie. Gaan ek Belhar bely, gaan ek Belhar nie bely nie, om maar net nog 'n voorbeeld te noem.

Daar word in ons tyd boeke geskryf wat baie gewild is, deur op die onsekerheid en relativiteit te fokus. So het daar al die boek verskyn *Geloof sonder sekerhede- besinning vir eietydse gelowiges...* so asof geloof eers werklik kan anker as ons die sekerhede kan minder maak. As ons al meer agter die naam van God 'n vraagteken kan plaas, is die leesstof wat baie mense se godsdienstige gedagtes en ruimtes vervul.

In teëstelling op al hierdie dinge so op ons afgelaai het ons uit Jesaja iets aangrypend gelees.... *jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan.* Hier vanaf Jesaja 28 is dit asof God se volk moet beseef daar is dinge wat waar is, daar is dinge wat mooi is, daar is dinge wat goed is, wat vas is, wat reg is ... Jesaja 28 praat oor hoe min die goeie by die ander volke gesoek kan word. Die priesters en die profete van Efraim is alles behalwe toonbeeld van die goeie, ja hulle weet hoe om drank te misbruik, ja Jesaja gaan in hfst. 28 so vêr om te sê - **8 Want al die tafels is vol walglike uitbraaksel, sodat daar geen plek is nie.** Om by sulke mense die

goeie te soek is onmoontlik. Lippe wat hakkkel, 'n vreemde tong sal beter wees om sin in hierdie mense se lewens in te praat.

Jesaja kontrasteer God se leiding en die leiding wat mense by Efraim gesoek het met 'n gelykenis van hoe 'n saaiers verskeie soorte saad gesaai het, komyn en koring en gars en spelt, elk op verskillende plekke gesaai... op verskillende maniere bewerk. Die een met die wysheid van God toegerus, hy weet daar is werklik 'n verskil tussen die sade. Met komyn kan daar nie so hard gewerk word soos bv. met 'n koringkorrel wat baie harder is en wat baie harder gestamp moet word om iets met die koring te maak nie. Dit asof die wysheid en skoonheid, die goeie en die waarheid van die lewe in hierdie enkele gelykenis gelyk na vore kom. Dit wat die ander volke Israel nie kan bied nie. Al dink mense dat sulke ander volke dra trotse krone dan moet hulle weer dink.

Hfst. 28 wat wys hoe die leiers van Samaria alles behalwe toonbeeld van die goeie en van wysheid genoem kan word, hulle is eerder 'n klomp dronkaards en suiplappe, ja hulle verbond wat hulle gesluit het, is 'n verbond met die dood en die leuen is hulle skuilplek en bedrog is hulle wegsteekplek... (vers 15). Hfst. 29 borduur hierop voort hoe die mens nie net mislei kan word nie, maar hoe die mens baie keer homself mislei. Verblind jouself dan is jy blind... Hier word veral gewys op hoe maklik gewoontevormende gebruike iets kan word wat jou blind maak. Om die Woord van God te bestry en te verwerp, kan gewoonte word en kan naderhand so 'n diepe blindheid veroorsaak wat nie maar net 'n tyd lank duur nie, dit duur naderhand geslagte lank. So word geestelike blindheid 'n manier van lewe, deel van my eie natuur. Jesus het in Matt. 6:23 ook hierop gewys- *23 Maar as jou oog verkeerd is, sal jou hele liggaam donker wees. As dan die lig in jou donkerheid is, hoe groot is die donkerheid nie!*

Wanneer ons deur Jesaja 29 kom dan is die tema van blindheid sterk, soos wat die tema van dronkenskap in hfst. 28 sterk staan. Sulke blindheid maak godsdienstige handeling naderhand net 'n ritueel, ek gebruik maar nagmaal omdat ek dit nog altyd gedoen het, dit is 'n goeie gewoonte, daar word van my verwag, om dit te doen, daarom doen ek dit. Die godsdienstige leiers, die profete word deur Jesaja uitgewys as die skuldiges by uitstek. Mense wat selfverloëning vergeet het en met 'n ego-gedrewe blindheid maak hulle hulself en ander blind. Niemand kan deur my kyk nie, niemand weet mos regtig wat aangaan nie,

daarom kan ek maar met my blindelinge handeling aangaan, want die ander is ook blind hiervoor.

Maar broeder en suster, in Jesaja 29:18 gebeur daar iets wonderlik- wysheid kom weer in plek, die geregtigheid word weer herstel. Vers 18 en 19- **18** *En in dié dag sal die dowes Skrifwoorde hoor, en uit donkerheid en duisternis sal die oë van die blindes sien.* **19** *En die ootmoediges sal vreugde op vreugde smaak in die HERE, en die behoeftiges onder die mense sal juig in die Heilige van Israel.*

Ja, Jesaja 29 eindig met die herstel van geregtigheid waar God se liefde en heiligheid en soewereiniteit weer oor die huis van Jakob 'n lig sal wees en God se heerlikheid vir hierdie mense tot krag sal wees. Om weer God te hoor waar Hy as Skepper gedien word, sy kinders is die werk van sy hande, in hulle midde word sy Naam geheilig, die dwalende van gees verkry insig, dit is die einde van Jesaja 29. Die eerste deel van Jesaja 30 wys op hoe min dit sal uitwerk as ons teen God opstandig wil wees. As ons teen God wil rebelleer moet jy mooi dink. Moet nie die sonde jou skema van lewe maak nie (vv 1-5), moenie in versinsels jou vertrou vestig nie (vv 6-7), moet nie God se Woord verdraai nie (vv 8-11), want wys verse 12 tot 17 God sal straf. Vers 18 wys ons egter op God se geduld. Hier hoor ons van die God wat wag om ons sy genade te betoon.

Net so werklik soos God se oordele en straf is, is sy trou en sy genade. Dit waaroor ons teksverse spesifiek hier oor handel is God wat aan ons sy genade belowe. Net so is die doop ook 'n belofte van God se genade. Dan gebeur daar die wonderlike van ons tekshoofstuk... *jou oë sal jou leraars sien...* Dit is 'n voorreg, ons kan mekaar dan vertrou. In hierdie klompie verse kom God se seëninge een vir een na vore. Daar sal troos wees, geen gehuil en trane meer nie, God se Woord sal geleer word, ja ons teksverse wys in besonder hierop, God se Woord sal 'n stem wees, wat heeldyd agter jou bly praat.

Broeder en suster, die trefkrag hiervan moet ons in alle opsigte raaksien. (Ook vir ons kinders vandag wat belydenis van hulle geloof gedoen het, hierdie kindjie so pas gedoop), mag God se Woord altyd 'n trefkrag agter hulle bly wees, ja met die krag van hierdie Woord word hulle so hard vorentoe gedryf, daar is nie tyd vir ander praatjies nie, daar is nie tyd om links of regs af te wyk nie, met die Woord soos 'n stem agter ons, het ons oop ore - *jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop!* Al gee die Here ook sy

kinders die brood van benoudheid om te eet, water van bedruktheid om te drink, is dit Jesus wat ons reeds vandag vooruitgegaan het. Hy wat voor ons kom staan en sê – *Volg My...* Ek kan sy stem hoor, wanneer ek myself verloën, wanneer ek die kruis opneem, wat nie sy kruis kan wees wat Hy alleen aan moes sterwe nie, maar tog is dit sy kruis, want die kruis wat Hy wil hê ek moet dra, ek bereid moet wees om ter wille van ware dissipelskap dit te dra. Eet brood van benoudheid, drink water van bedruktheid... Alles voor ons... nou die stem agter ons... **21** *en jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan.*

Ons beseft daar is so baie afdraaipaaie, daar is so baie verleidinge aan ons regter- aan ons linkerkant, baie hiervan het ek probeer aandui, waar dit alles eintlik begin met twyfel, twyfel wat gesaai word. Dit wat die duiwel se eerste daad op aarde was, wat Eva mee gevang was, die duiwel het haar wou laat twyfel. Toe die Satan die twyfel saadjie laat val, toe is die sonde klaar daar, die vrug van die sonde is klaar geplant, sy het eenvoudig haar hand uitgesteek en geëet wat nie geëet mag word nie en dit omdat die twyfel nie weggeneem is nie. Die stem agter jou, moet jou nie dinge in die ore laat fluister wat jou laat twyfel nie. Ja, ons almal kom met dit in aanraking, wie is daar wat nie soms twyfel nie, wat die pad na regs en links verwar met die regte pad, wat werklik koers verloor terwyl die wêreld sy eie koers wil aandui.

Ons ore moet oop wees is wat Jesaja van ons verwag, dit wat ons vandag mag hoor. *Dit is die weg, wandel daarop!* Die weg van geloof, hoop en liefde, ja ons beseft as Jesaja sê- *Dit is die weg*, dan hoor ons Jesus sê – *Ek is die weg, die waarheid en die lewe...* Ons loop nie die pad van grond en ondergang en dood, dit waarop die wêreldse paaie gaan uitloop, ons weg is 'n Mens, is die Persoon, is Jesus Christus. Dit wat Jesaja 28 en 29 al so na verlang het...die dinge wat waar is, dinge wat mooi is, dinge wat goed is, dinge wat vas is, wat reg is ... ons het dit alles in Christus Jesus (die Een in Wie se Naam die kindjie gedoop is, die Een in Wie se Naam ons kinders vandag belydenis van hulle geloof gedoen het).

Laat ons ons oë oopmaak, ja soos wat Jesaja sê *jou oë sal jou leraars sien...* mag ons ware leraars wees, wat nie allerhande paaie na regs en links aandui nie, mag u met u leraars Christus sien, met jou oë sien jy, met jou ore hoor jy- dit is sy Woord agter jou wat vir jou sê – *Dit is die weg- wandel daarop!* Daar is so baie wat die oor nie meer draai na waarna ons moet luister nie. Ons het reeds gewys op die moeilike pad wat die regte pad is. Selfverloëning, jou kruis dra, Jesus volg, Jesus noem hierdie pad van Hom ook 'n smal pad,

Hy is Self die smal pad, die pad bokant ons sypaaie uit. Die pad waarop julle wat julle kindjie gedoop het vir die Here moet vra- lei my en my kind elke dag op hierdie pad. Mag die stem agter alles in wat ons vandag gesê het, nooit in u lewe stil raak nie, moet ook nie allerhande oplossings na links of regs soek, dit in ander mense gaan soek, dit in allerhande filosofieë en strominge soek nie, in ideologieë wat ons van links en regs die arms wys om daarheen te kom nie, nee al word ons groot in 'n tegnologiese eeu, die inligting wat ons van regs en links wil lok, is oorweldigend, te veel en te groot om te beskryf, maar tog Hy wat die smal pad is, Hy wat op die smal pad is, Jesus Christus, Hy wie se gedagtes nie ons gedagtes is nie, Hy Wie se weë nie ons weë is nie, Hy werk en dink waar ons nie kan bykom nie. Hy sê vir jou en vir my, vir elkeen hier- my waarheid en my liefde is vir jou om te ontvang. Dit sal ons DV volgende Sondag by die Nagmaal weer mag geniet. Dit alles omdat daar 'n stem is wat roep.... *jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê – dit is die weg...* dit is waarlik die weg en die stem wat hierdie kindjie en die geslagte wat ook uit hulle geslagte mag kom, moet 'n woord agter hulle wees.

AMEN